

God se pad met jou het begin toe jou naam op die gastelys geplaas is

Geen pad gaan maar net iewers heen nie. Alle paaie kom ook van êrens af. Op 'n bepaalde punt sluit jy altyd aan by 'n bestaande pad. Jou eie geloofspad kom ook van iewers af. Dit het nie eers begin toe jy 'n Christen geword het nie. Nee, dit het al begin toe jou naam op God se gastelys geplaas is. Nog lank voor jyself dit geweet het, was jy reeds 'n genooide na die hemelse feesmaal.

God het lank gelede besluit dat Hy van jou hou, selfs al het jy toe nie dieselfde oor Hom gevoel nie. Hy wou nie dat jy in die sonde rondlê daar op jou eie doodloopstraat nie. Daarom het Hy 'n hemelse spoorsnyer op jou hakke geplaas. Hy het vir die Heilige Gees jou naam en adres gegee. Vir Hom kan jy nooit wegkruip of weghardloop nie. Daar's geen plek so donker dat Hy jou nie ook daar kan raaksien nie; geen sonde so groot dat Hy jou nie daarvan kan verlos nie. Op 'n dag het Hy jou toe ingehaal. Daardie einste dag het Jesus jou op sy eie skouers getel en jou teruggedra na God se feessaal toe. Nee, die Goeie Herder het jou nie met 'n stok teruggedryf of met jou geraas, omdat jy in die sonde weggeraak het nie. Nee, Hy het jou in sy genadige arms opgetel.

God ken jou regtig van lankal af. Sy pad met jou strek baie verder as jou pad saam met Hom. Toe jy nog 'n sondaar was, het Hy jou in genade raakgesien. Só vertel Paulus in [Romeine 5](#). Hy hou jou nou in sy eie handpalm. So sê Jesus in [Johannes 10:29 - 30](#). O ja, hierdie pad het ook 'n goeie eindbestemming. Dit is Sy ewige stad. Wat 'n pad om op te reis! Wat 'n genadige Here, wat saam met jou op pad is!

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Peet Els vir volle herstel
- *Bid vir oom Brummer (Erika se pa) vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Johan Dettmann volle herstel
- *Bid vir Jan-Harem Pretorius vir volle herstel
- *Bid vir Gerhard Dewinnaar-bid vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets – vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Lea Rynders-vir nabyheid van die HER
- *Bid vir Gerhard, Altus & Johan Louw met die afsterwe van Gerhard se eggenote en die seuns se moeder. Ons innige meegevoel



Onthou om te onthou

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer...
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Bid dat God se wil geskied
Die krag van gebed

Gedagte vir die week

DIE HERE



IS JOU TOEVLUG